Om ‘n Boerboel te koop

Bron: Webredakteur
Datum: 10 Maart 2009

Om ‘n Boerboel aan te skaf kan baie liefde, plesier en vreugde verskaf en ook ‘n gevoel van sekuriteit bied. Dit bring ook bepaalde verantwoordelikhede, waarvan die belangrikste is dat die voornemende koper die nodige kennis moet inwin om ‘n ingeligte besluit te kan neem.

Eerstens, wat is jou behoeftes en beskik jy oor die nodige middele om die hond lewenslank te versorg? Wil jy ‘n babahondjie of ‘n volwasse hond hê? ‘n Reun of ‘n teef? Een of twee honde? Moet dit ‘n teelhond, ‘n waghond, of ‘n metgesel en ‘n speelmaat vir jou kinders wees? Het jy en jou gesin genoeg tyd om die baie spesifieke aandag en opleiding wat die Boerboel nodig het, te voorsien? Het jy genoeg plek en ‘n veilige omgewing vir ‘n groot hond?

Tweedens, kry so veel as moontlik inligting oor die Boerboel en rasstandaarde deur met SABT-ampsdraers,-telers en - lede te gesels. Woon keuringsdae in jou omgewing by en moenie huiwer om vrae te vra nie.

Formele oorwegings

Sodra jy besluit het ‘n Boerboel is net die hond vir jou, is dit tyd om ‘n paar telers, wat jy geïdentifiseer het, te besoek, of met hulle te kommunikeer indien afstand ‘n probleem is. Dit is in jou beste belang om net by ‘n SABT-geregistreerde teler te koop en om op bewys van sy/haar lidmaatskap aan te dring.

Ruil tydens die kommunikasieproses ten minste die volgende inligting uit:

- Verduidelik aan die teler presies in watter tipe hond jy belangstel en vir watter doel jy die hond wil aanskaf, bv. die beste uit die werpsel vir teeldoeleindes of as ‘n troeteldier. ‘n Verantwoordelike teler sal in elk geval soortgelyke vrae vra om seker te maak dat die hond wat hy/sy verkoop by die nuwe eienaar sal kan aanpas en onder die beste moontlike omstandighede versorg sal word.
- As ‘n koper kan jy die keuse van ‘n hond makliker maak deur evaluasie van die volgende eienskappe in volgorde van prioriteit: temperament en karaktereienskappe; bouvorm; algemene gesondheid; stambome, bloedlyne en verwantskappe; en kleur. Vra om die ouers en ander honde wat hulle geproduseer het te sien en tyd met hulle te spandeer. Indien albei ouers nie by die teler is nie, vra vir foto’s of kontakbesonderhede van hulle eienaar/teler.
- Dring aan om die volgende dokumentasie te sien (en te ontvang wanneer jy koop):
    - Die SABT-registrasiesertifikate van beide ouers van die hond waarin jy belangstel. Hierdie sertifikate bied inligting oor die stambome van drie generasies, sowel as die keurpunte, van die ouers.
    - Die SABT-geboortesertifikaat van die hond indien dit ‘n babahondjie is. Hierdie sertifikaat bied die stamboominligting van die hondjie oor vier generasies.
    - Die ouers se toetsuitslae vir geneties-oordraagbare toestande (bv. heupdisplasie, vaginale hiperplasie, asook entropion/ektropion – dit is afwykings by die oë).
    - Sertifisering deur ‘n veearts dat die hond se immunisering op datum is.
- Die datum waarop jy die hond kan kry. Moet nooit ‘n hondjie jonger as ses weke aanvaar nie. Die beste ouderdom om ‘n babahondjie van sy ma weg te neem, is tussen ses en nege weke. Gedurende hierdie tyd moet hy leer om met ander honde te sosialiseer en ook aan soveel moontlik mense van alle ouderdomme en verskillende omgewings, blootgestel word.
- Vind uit wat die regulasies oor die in- en uitvoer van honde van die betrokke lande is, indien jy nie plaaslik koop nie. Die meeste telers behoort ook sodanige inligting te kan verskaf.
- Maak seker watter waarborge die teler bied en kry ‘n geskrewe waarborg indien jy ‘n hond vir teeldoeleindes koop. Geen teler sal aanhou teel met ‘n hond wat by meer as een geleentheid hondjies met afwykings wat geneties van aard mag wees, ontwikkel nie. ‘n Waarborg sal natuurlik nie geld nie as jy ‘n hond voetstoots koop nie, maar onthou dat ‘n ‘winskopie’ uiteindelik ‘n duur kopie mag wees!

Oorweging van fisiese eienskappe

Onthou weer dat dit uiters belangrik is om die SABT se Rasstandaard te bestudeer. Dit is vir eerste kopers baie moeilik om die 'regte' hond uit te soek en die onderstaande riglyne kan help wanneer daar na hondjies van ongeveer ses weke gekyk word. Dit kan ook by volwasse honde gebruik word.

- Reuns moet twee testikels hê wat in die skrotum afgesak het en tewe moet ten minste agt spene hê.
- Die erkende kleure is enige skakering van geel, bruin of briekwa, met of sonder 'n masker.
- Daar moet voldoende pigmentasie wees: die neus, toonnaels en lippe moet heeltemal swart wees en daar moet geen pienk op die voetsole wees nie. Die vel en hare rondom die oë en genitalië moet swart wees en die verhemelte moet so swart/donker as moontlik wees.
- Die tande moet sterk en gesond wees – verkieslik met 'n skêrgebit. As die onderlip by die bolip (onder die neus) verbysteek, sal die hond eventueel 'n verkeerde byt hê.
- Kyk of die hond reg trap. Die voor- en agterpote moet nie in- of uitswaai nie. As jy onseker is, plaas die hond op 'n tafel en staan agter hom. Tel hom dan aan sy wange op sodat hy net op sy agterpote staan. Van agter gesien, sal die voorpote draai soos wat hy as volwasse hond sal trap.
- Kyk na balans, vir sterk bespiering en ook hoe die kop aan die skouerblaaie geheg is.
- Behoeking van die voorlyf: die bo-arm van die voorbeen moet 30°na vore hel en die skouerblad 30° na agter
- Die oorflappe moet langs die kop uitkom en teenaan die kop hang. Daar moet ook 'n redelike spasie tussen die twee ore wees.
- Die stert is 'n verlenging van die ruggraat en moet hoog geset wees. Sterte mag lank of afgesit wees. 'n Skewe of krulstert kan op tekens van 'n ander ras in die bloedlyn, of op moontlike probleme met die ruggraat dui.
- Die pels moet sag en dig wees met kort, gladde hare en 'n hoë haartelling per oppervlakarea.
- Behoeking van die agterlyf: van die kant gesien, moet die agterbene nie reguit wees nie en van agter gesien, moet dit nie oormatig koeihakkig wees nie (Let daarop dat alle baba-Boerboele effens koeihakkig is).

Laastens, maar die belangrikste van alles: aanvaar dat die perfekte Boerboel nog nie geteel is nie. As jy jou huiswerk gedoen het deur die voorgaande riglyne te volg en jy glo dat jy 'n lewenslange verhouding met die hond van jou keuse sal kan vorm, het jy DIE PERFEKTE BOERBOEL gevind!

Meer leesstof en kontakpersone:

1. *Die Boerboel - eie aan Suid-Afrika deur Anemarí Pretorius*
2. *SABT-webtuiste - Standaarde*
3. *SABT-webtuiste - Rasstandaard*
4. *SABT-webtuiste - Raadslede*